STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF IPHEPHANDABA NEWSLETTER

UITGAWE 39 - 2018 • EDITION 39 - 2018

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners,

Stellenbosch en ons omliggende gemeenskappe is voorwaar vol spesiale mense met besondere talent! Die laaste paar weke het ek tyd gemaak om in ons wyke rond te beweeg en het oral wonderlike mense ontmoet, te veel om op te noem, maar ek wil darem 'n bietjie daarvan met u deel.

Tydens ons Jeugdag-vieringe in Cloetesville ontmoet ek vir Jo-Anne Solomons, Ilse Jonas en Christalene Jantjies - drie pragtige jong vroue wat al vir Banyana Banyana, ons nasionale sokkerspan gespeel het! En Mev Stellenbosch, Sonja Adonis en Mnr Stellenbosch, Clyde Adams, kom ook van daar. Die talentvolle klein sanger Robin Wyngaard van Rietenbosch Laerskool, het al saam met Emo Adams opgetree en saam met Toby Lee De Ruiter sing hulle so dat mens weet hier kom 2 musieksterre. Ek gaan verseker probeer om vir hulle spesiale musiekafrigting te reël. As enigiemand my kan help, laat weet asseblief.

U het sekerlik ook in die koerante gelees van ons eie Siphosethu Mbuli van Kayamandi, wat die Koningin van Engeland ontmoet het! Siphosethu is 'n kampvegter vir mense met albinisme en is deur Koningin Elisabeth vereer met die Koningin se Jong Leiers Toekenning vir haar werk. Dit is so lekker om te weet dat ons hierdie ongelooflike dinamiese jongmense in ons gemeenskappe het wat hulle daarop toespits om 'n positiewe bydrae plaaslik en internasionaal te maak!
Die laaste paar weke het ek weer klagtes ontvang van inwoners wat kla oor honde wat blaf en raas. Ek is self 'n passievolle diereliefhebber en honde-eienaar. Honde

Dear Residents,

Stellenbosch and our surrounding communities are filled with special people with exceptional talent! The past few weeks I made time to move around in our wards and I met wonderful people as far as I went, too many to name here. I would however like to share some of it with you.

During our Youth Day Celebrations in Cloetesville I met Jo-Anne Solomons, Ilse Jonas and Christalene Jantjies – three beautiful young women who have all played for Banyana Banyana, our national soccer team. And our Ms Stellenbosch, Sonja Adonis, and Mr Stellenbosch, Clyde Adams, are also from Cloetesville. It was great meeting the talented singer Robin Wyngaard, from Rietenbosch Primary School who has performed with Emo Adams, and Toby Lee De Ruiter, who sang so beautifully that you realise they are two future music stars on the rise. I am definitely going to try and organise musical education for them. If anyone is willing to help, please let me know.

You would have read in the papers about our very own Siphosethu Mbuli from Kayamandi who met the Queen of England! Siphosethu is an activist for people with albinism and was honoured by Queen Elizabeth with the Queen's Young Leaders Award for her work. It is so wonderful to know that we have these incredibly dynamic young people in our communities who focus on making a positive contribution locally and internationally!

During the last couple of weeks I received complaints from residents about dogs that bark and make a lot of noise. I am also a

Adv. Gesie van Deventer
UitvoerendeBurgemeester/
Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

Buurtwagte
Neighbourhood Watches
bl/pg 2

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SAFETY SSI INITIATIVE

wat aanhoudend blaf en raas veroorsaak egter ernstige steuring en ek verstaan die frustrasies van inwoners wat hieroor kla. As Munisipaliteit, het ons verlede jaar die verordening oor die aanhou van diere opdateer en is dit deur die Raad goedgekeur. Die verordening stipuleer baie duidelik dat die eienaar/s van troeteldiere daarvoor verantwoordelik is dat hulle diere nie die rus en gemak van ander inwoners mag steur nie. Eienaars mag nie diere aanhou wat aanhoudend blaf, kerm of tjank nie. Ek wil tog 'n beroep doen op eienaars om mooi om te sien na u troeteldiere en seker te maak dat hulle nie 'n steurnis in u buurt is nie. Dit is 'n wonderlike voorreg om troeteldiere te hê, maar indien die diere nie genoeg aandag kry nie, kan dit baie vinnig lei tot sonde met die bure. Indien u enige vrae het oor die aanhou van diere, gaan lees gerus die volledige Oorlas en Skut Verordening op ons webblad (www.stellenbosch.gov.za).

Dit was 'n absolute voorreg en plesier om onlangs die akkreditasie van 12 nuwe buurtwagte in die breër Stellenbosch area by te woon. Die oorhandiging van die akkreditasie en toerusting is deur Minister Dan Plato gedoen tydens 'n geleentheid in die Stadsaal. Hierdie akkreditasie is belangrik want dit help om die buurtwagte te formaliseer en toe te rus met die nodige toerusting. Buurtwagte word geakkrediteer deur die Provinsiale Departement van Gemeenskapsveiligheid. Wanneer die buurtwag geakkrediteer word deur die Departement, ontvang hulle 'n amptelike sertifikaat as bewys en 'n loodspak wat glimbaadjies, flitse, fluitjies, mediese noodhulpkissies en noodligte vir 'n voertuie insluit. Die akkreditasie stel die buurtwag ook in staat om opleiding te ontvang vanaf die Departement of van die deelnemende vennote. Buurtwagte is 'n belangrike skakel om ons veiligheidsnetwerk te verskerp en dien werklik as oë en ore van hul gemeenskap. Hul kan inderdaad 'n groot impak hê op misdaadvoorkoming en so veiliger gemeenskappe skep. Ek wil baie dankie en sterkte sê aan al hierdie vrywillige werkers wat geen vergoeding daarvoor kry nie. Ek was ook beïndruk met die groot aantal vroue wat deelneem aan die buurtwagte. Ek verwag van alle wyksraadslede om hulle te ondersteun. Raadslid Nateshia Mccombring van wyk 6 het 'n mooi voorbeeld gestel deur van haar wykskapitaal aan te wend om vir haar buurtwag warm baadjies te verskaf vir die patrollies.

'n Tydjie gelede het ek met u gepraat oor die stort van veral tuinrommel in munisipale oopruimtes, natuurgebiede en langs rivieroewers. Dit blyk egter dat daar steeds inwoners is wat nie hul samewerking in die verband gee nie en met hul onwettige stortings ons omgewing ontsier. Ons moet dan met groot onkoste en tot nadeel van ons belastingbetalers hierdie rommel verwyder.

Ons vind veral dat oopruimtes gebruik word om tuinrommel soos gesnoeide takke, blare gesnyde gras en onkruid te stort. Blykbaar dink die skuldiges dat dit nie skadelik is om tuinrommel in oopruimtes of langs die rivier weg te gooi nie. Dit is egter nie waar nie. Die hope vullis laat die omgewing baie onnet lyk, skep 'n brandgevaar en word 'n bron van verspreiding vir indringer of uitheemse plantmateriaal. Hierdie hope tuinafval moedig ook die onwettige storting van vullis aan, en voor ons ons oë uitvee lê daar nie net takke nie, maar hope vullis ook!

great lover of animals and proud dog owner. However, dogs that bark and howl continuously creates a lot of disturbance and I understand the frustrations of residents who complain about this. As a Municipality, we reviewed and updated the bylaw on the keeping of animals and it was approved by Council last year. The bylaw stipulates very clearly that owner/s of pets are responsible for keeping their animals quiet and ensuring that these animals do not create any discomfort for other residents. Owners may not keep animals that continuously bark or howl. I want to call on pet owners to please take good care of your pets. It is a wonderful privilege to have pets but if animals do not receive the proper care and attention it can quickly result in problems with your neighbours. If you have any questions about the keeping of animals, please read the complete Bylaw on Nuisance and Pounds on our website (www.stellenbosch.gov.za).

I recently attended the formal accreditation ceremony of 12 Neighbourhood Watches based in the broader Stellenbosch community. It was such a pleasure and privilege to be part of the event. The accreditation and equipment was handed over by Minister Dan Plato during an official event in the Town Hall. This accreditation is very important because it helps to formalise neighbourhood watches and provide them with the necessary basic equipment. Neighbourhood watches are accredited by the Provincial Department of Community Safety. When a watch is accredited by the Department, they receive an official certificate of recognition and a launch pack containing glimmer jackets, torchlights, whistles, a first aid kit and a strobe light for a vehicle. The accreditation also enables the watch to receive training from the Department or other participating partners. Neighbourhood watches are an important link to enhance our safety network and serves as the eyes and ears of their community. They can indeed have an impact on crime prevention and in that way, create safer communities.

I want to thank all the volunteers involved with these neighbourhood watches who do this for free and I want to wish them well as they work towards keeping their communities safe. I was very impressed with the large number of women that form part of these watches. I also expect my councillors to support them. Councillor Nateshia Mccombring, from Ward 6, set a very good example by allocating some of her ward capital to buy warm jackets for the watches in her ward, for when they are out on patrol.

A while back I spoke to you about the illegal dumping of particularly garden rubbish on municipal open spaces, nature areas and on the river banks. It seems that there are still some residents who are not giving their full cooperation in this regard and continue harming our environment with their illegal dumping. We have to then deal with their mess at great cost to the taxpayer, to remove the rubbish. We find that open spaces are used to dump garden rubbish like trimmed branches, leaves, grass and weeds. Apparently the guilty parties think that dumping garden rubbish in open spaces or next to the river poses no threat. This is not true. The rubbish leaves the area looking neglected, it poses a serious fire hazard and can potentially serve as a distribution point for alien plants. These illegal dumps also encourage the dumping of general rubbish and before we know it the area is not just littered with plants but with all sorts of

Ek wil dus ’n dringende beroep op ons inwoners doen om asseblief nie tuinvullis te stort in oopruimtes, rivieroewers of enige ander natuurgebiede nie. Dis onnodig want skoon tuinrommel (sonder plastiek, papier en/of klippe) word gratis by die munisipale stortingsterrein aanvaar waar dit verwerk word tot kompos. Daar sal daadwerklik opgetree word teen inwoners wat nie hieraan gehoor gee nie en hulself skuldig maak aan onwettige stortings. U samewerking word gevra om asseblief enige oortreders se motor registrasienommers te rapporteer. Selfoonfoto’s of video’s sal baie help en u mag die klagte anoniem maak indien u net genoegsame bewys van die oortreding verskaf.

Ek wil uit my hart uit dankie sê vir u samewerking met waterbesparings. As Munisipaliteit spaar ons ongeveer 52% water, gebaseer op ons 2015 watergebruiksyfers. Ten spyte van die reën, bly vlak 6B waterbeperkings egter steeds in plek. Die Departement van Water en Sanitasie het per Staatskoerant proklameer dat beperkings eers gelig sal word wanneer dammevlakke in die Wes-Kaap 80% vol is en is ons ook gelas om minstens 46% water in vergeleke met 2015 se verbruik te bespaar. Alhoewel ons damvlakke aansienlik verbeter het, is die damme ver van 80% vol.

Ek het kennis geneem van klagtes oor die pas van goedkeuring van bouplanne en te stadige prosessering by die verkeersdepartement. Ons nuwe begroting en hersiene organogram (personeelstruktuur) het op 1 Julie 2018 in werking getree en ons werk daadwerklik daaraan om dienslewering hier te verbeter. U klagtes en insette word egter steeds waardeer, want dit maak dit makliker om uit te vind presies waar ons moet verbeter.

Infrastruktuur bly ’n prioriteit en na baie groot kapitale insette in die vorige twee jaar is die grootste uitdagings en eerste prioriteite van riool en watervoorsiening nou onder beheer en ons kan nou na ander sake kyk. Ons parkeerplekke, paaie en historiese geboue is nou prioriteite. U sal sien die parkeerplek agter die Munisipale gebou is reeds herseël met teer. ’n Nuwe parkeermodel vir 24uur parkering, met sekuriteit, word ook ondersoek. U sal ook sien, deur die hele Munisipaliteit, word sypaadjies nuut plavei of geteer. Daar is ook tans ’n ondersoek in ’n gevorderde stadium om te bepaal hoe openbare parkering oraloor ten beste verbeter kan word. ’n Finale besluit hieroor behoort teen November deur die Raad geneem te word.

Dit was fassinerend om te vergader met verteenwoordigers van ons erfeniskomitees en te bespreek hoe ons die erfenisbronne soos die Braak in Stellenbosch kan benut, sonder om dit te benadeel. Ek sal ook binnekort samesprekings hou met Franschhoek se groepe.

Behuising en veral die bou van bekostigbare behuising bly ’n absolute prioriteit Die onrus in Kayamandi en onrustigheid oor behuising elders geniet baie aandag en ek ontmoet deurlopend met groepe om samewerking te bevorder. Dit is so ernstig vir my dat ek as Burgemeester dit self hanteer en ook weekliks behuising moniteer. Ongelukkig is die waglyste lank en inwoners verstaan nie altyd dat ons volgens wetgewing net implementeringsagente is vir Nasionale en Provinsiale regering, en dus afhanklik is van hulle vir befondsing. Ons beplan egter projekte op ons eie grond vir die laer en middelinkomstegroepe. Mooi, maar bekostigbare behuising is uiters nodig vir ons jonger mense en

rubbish!

I want to urge all our residents to not dump garden rubbish in open spaces, river banks or any other natural areas. It is unnecessary because clean garden rubbish (without plastic, paper and/or rocks) is accepted at the municipal dumpsite, at no cost, where it is processed into compost. We will act decisively against residents who do not cooperate. I ask all our residents to work with us by reporting the guilty parties and their vehicle registration numbers to us when possible. Cell phone pictures or videos will also be very useful, especially if you want to make an anonymous report.

A heartfelt thank you for your cooperation with saving water. As a Municipality, we are currently saving approximately 52% of our water based on the 2015 usage. Despite the wonderful rain, we will however remain on level 6 B water restrictions. The Department of Water and Sanitation proclaimed via the Government Gazette that restrictions will only be lifted when dam levels in the Western Cape reaches 80%. We have also been tasked with saving at least 46% of water based on our 2015 usage. Although the dam levels have improved significantly, 80% is still a long way off.

I have taken note of the complaints I received regarding the approval of building plans and the slow processing rate at the traffic department. Our new budget and reviewed organogram (staff structure) became operational on 1 July 2018 and we are working very hard to improve service delivery. Your complaints and inputs are very much appreciated because it helps us identify exactly where there is room for improvement.

Infrastructure remains a big priority and after a lot of capital investment over the past two years, we have finally brought the biggest challenges and first priorities of sewerage and the provision of water under control and we can start focussing on other areas. Our parking areas, roads and historical buildings are now taking priority. You will see that the parking area behind the municipal building has already been resealed with tar. A new parking model for 24 hour parking with security is currently being investigated. You will also see that everywhere in the municipality, sidewalks are being paved or tarred. Our investigation into how parking everywhere can be improved is in an advanced stage. A final decision about this should serve before council by November.

It has been fascinating to meet with all the representatives from the heritage committees and to discuss our heritage resources like the Braak in Stellenbosch and how it can be better applied without damaging it. I will be speaking to the Franschhoek groups soon.

Housing and in particular the building of new houses, remains an absolute priority. The recent unrests in Kayamandi ,as well as the unrest about housing everywhere, receives a lot of attention and I meet regularly with all the groups to improve cooperation. This is such a serious matter that I deal with it personally and I closely monitor housing on a weekly basis. Unfortunately, the waiting lists for housing are very long and residents do not always

bekostigbare behuising sal ook help met ons verkeersdruk. Ons het onlangs ’n eerste Behuisingsberaad gehou om met groot werkgewers en markdeelnemers die moontlike oplossings te bespreek.

Soos u kan sien is ons hard besig om te werk aan ons droom om die breër Stellenbosch een van die beste Munisipaliteite in Suid-Afrika te maak. Daar is nog ’n lang pad, maar ek is tevrede met ons vordering. U moet asseblief aanhou om vir my te skryf. ALLE opbouende kritiek word verwelkom.
Met ’n wonderlike nat winter wat amper klaar is, lê die lente nie meer te ver weg nie. Ek vind soveel plesier daarin om te sien hoe ons tuine en parke herstel het. Ons Parke Afdeling is ook weer besig met herstelwerk en waar dit sinvol is, herplanting. Ek het self ook my vingers in die grond gehad en ’n paar bolle en lenteblomme geplant. Maak asseblief ons dorpe mooi, maar hou tog maar die waterwys plante in gedagte. Ekself kan nie wag vir die eerste groen botsels aan ons bome oraloor nie!

Beste Wense en Groete
Burgemeester Gesie

understand that according to legislation we are only implementation agents for National and Provincial government, and we are dependent on them for funding. We are however planning projects on our own property for low and middle income groups. Affordable housing is extremely necessary for our younger residents and affordable housing will also improve traffic congestion. We recently had our first Housing Summit with major employers and stakeholders to discuss possible solutions.

As you can see we are working hard to realise our dream of making the broader Stellenbosch one of the best run Municipalities in South Africa. There is still a long way to go but I am satisfied with our progress. Please keep writing to me. All constructive criticism is welcome.

With the wonderful wet winter almost behind us, spring is just around the corner. I find so much pleasure in seeing how the state of our gardens and parks have improved. Our Parks Department has restored the gardens beautifully and where sensible, replanted. I also had my fingers in the ground and planted a few bulbs and spring flowers. Please help to beautify our towns, but keep water smart plants in mind. I myself cannot wait for the first blossoms to appear

Best Wishes
Mayor Gesie

Important contacts

General	021 808 8111
24/7 Emergency line	021 808 8890
Water	021 808 8215/8953/8343
Electricity	021 808 8215/8953/8343
Fire	021 808 8888/0861 808 911
Traffic	021 808 8800
Environment	021 808 8161
Halls	021 808 8404
Refuse	021 808 8270

Belangrike nommers

Algemeen	021 808 8111
24/7 noodlyn	021 808 8890
Water	021 808 8215/8953/8343
Elektrisiteit	021 808 8215/8953/8343
Brandweer	021 808 8888/0861 808 911
Vervoer	021 808 8800
Omgewing	021 808 8161
Sale	021 808 8404
Vullis	021 808 8270